**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**REIS EN TOERISME SG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
- AL die vrae is VERPLIGTEND.
- Nommer jou antwoorde presies soos wat die vrae genommer is.
- Beantwoord elke nuwe vraag op 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.
- 'n Sakrekenaar mag gebruik word.

---

## AFDELING A
## KORT VRAE

### VRAAG 1
### INTERNASIONALE TOERISTE-IKONE EN STREEKSTOERISTEMARKTE

1.1 1.1.1 Gee die korrekte name van die vier Oorgrensparke (volledig) wat u bestudeer het. (4)

1.1.2 Benoem die Wêrelderfenisterrein wat geleë is in die volgende provinsies van Suid-Afrika:

a) Gauteng (1)
b) KwaZulu Natal (2 terreine) (2)

1.2 Teken die onderstaande tabel in jou antwoordboek oor en vul die ontbrekende inligting in.

| | SAOG-LAND | HOOFSTAD | GELDEENHEID |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Zambië | | |
| 1.2.2 | Swaziland | | |
| 1.2.3 | Malawi | | |
| 1.2.4 | Mosambiek | | |

8X1= (8)
**(15)**

## VRAAG 2
## TEGNOLOGIE EN BASIESE BEREKENINGE

2.1 Identifiseer die volgende tipe tegnologiese toerusting wat deur ’n reisagent benut word wanneer reisreëlings getref word. Skryf die letters (**A**-**D**) onder mekaar en **slegs die antwoord** daarnaas.

4X1=(4)




2.2 Gebruik die onderstaande wisselkoerstabel om die meervoudige keusevrae (2.2.1 – 2.2.2) te beantwoord.

| GELDEENHEID | WISSELKOERS IN RAND |
|---|---|
| VSA ($) | 6,29 |
| UK (£) | 11,55 |
| Euro (€) | 8,25 |

2.2.1 Dit kos R390,00 p.p.p.n om by “Lolo’s Bed and Breakfast” in Soweto te bly. Wat sou dit in VSA $ kos?

A. VSA $256,08
B. VSA $2 453,10
C. VSA $62,00
D. VSA $72,00

1X2=(2)

2.2.2 ’n Big Mac Hamburger van MacDonalds kos £1,99 in Londen. Wat sal die Big Mac in Rand kos?

A. R32,89
B. R22,98
C. R0,17
D. R25,67

1X2=(2)
**(8)**

## VRAAG 3
## EKOTOERISME EN WERKONDERVINDING

3.1 Verduidelik die volgende uitdrukkings in jou eie woorde:

3.1.1 Bedreigde (1)
3.1.2 Standhoubare toerisme (1)
3.1.3 Habitat (1)

3.2 In die gebied van werkondervinding, verduidelik kortliks die volgende:

3.2.1 'n Curriculum Vitae (CV) (2)
3.2.2 'n Werksonderhoud (2)
**(7)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

AFDELING B

## VRAAG 4
## EKOTOERISME, BASIESE BEREKENINGE, TOERBEGROTINGS EN REISPLANNE

4.1 Bestudeer die onderstaande uittreksel uit *Wegbreek*, April-Mei 2004 en beantwoord die vrae wat volg:

Al Amadiba Adventures se gidse kom uit die gebied.



Cathedral Rock naby Port St. Johns





Mtentu, die tweede kamp op die roete

**DIE AMADIBA-ROETE**

? Jy kan die roete oor vier of ses dae aanpak. Dit kan ook gestap word. Jy hoef nie perdry-ondervinding te hê nie, maar ervare ruiters wat vinniger wil ry, kan alternatiewe roetes volg.
? Tot twaalf mense word per groep toegelaat. Die roete is geskik vir almal bo ses.
? Die roete is die hele jaar oop danksy die gematigde, subtropiese klimaat. Elke seisoen bied iets anders. Die somer is ideaal vir swem en die watervalle is meer skouspelagtig. In die lente is die veld oortrek met blomme. In die winter sorg die sardientjietrek vir een van die grootste mariene migrasies ter wêreld.
? Die tariewe vir ? vierdag perdry-roete wissel vanaf R1 600 tot R1 800 en sluit akkommodasie, kos, gidse, perde en kano's in.
? Bel die besprekingskantoor vir Amadiba en AmaMpondo Adventures by 039 305 6455 of stuur e-pos na amadiba@euwildcoast.za.org

**WAT OM SAAM TE BRING**

Die besprekingskantoor verskaf ? volledige lys, maar die volgende is ook nuttig:
? Waterdigte stapsandale
? ? Waterbottel
? Aanmaak-energie-drankies
? Versnaperinge
? Reënbaadjie
? ? Xhosa-fraseboek
? As jy gewoond is aan ? drankie saans, bring jou eie. ? Mens kan bier koop by Mtentu, maar dit moet vooraf gereël word.

4.1.1 Langs watter kus is die Amadiba-roete geleë? (1)

4.1.2 Klassifiseer en beskryf die gidse waarna daar in die uittreksel verwys word. (2)

4.1.3 Die roete is geskik vir baie seisoene van die jaar. Motiveer hierdie stelling deur toepaslike voorbeelde te gee. (3)

4.1.4 Is die vier-dag perdry-pakket bekostigbaar? Motiveer jou antwoord met 'n geldige rede. (2)

4.1.5 Sal die roete vir ekotoeriste geskik wees? Indien wel, watter beginsels is hier op eko-toerisme van toepassing? (2)

**(10)**

4.2 Bestudeer die tariefstruktuur van Protea Hotels, (**BYLAAG A)**, die inligting oor Zambië/Zimbabwe, (**BYLAAG B)**, die inligting oor Zambië (op **BYLAAG B** en **C)**, tydtafel van British Airways, (**BYLAAG D)**, tariefstruktuur van Imperial **(BYLAAG G)**, en die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

**GEVALLESTUDIE**

? Familie van 3 (pa, ma en tienerseun) van Johannesburg, gaan op ? langnaweek van 4 dae (Vrydag tot Maandag) na Zambië en Zimbabwe. Hulle arriveer in Lusaka op Vrydagoggend, kry hul gehuurde motor en ry na hul hotel in Lusaka. Gedurende die langnaweek sal hul allerlei interessante en opwindende aktiwiteite doen oppad van Lusaka na die Victoria Valle via Kariba Meer. Op Maandag sal hul terugkeer na Johannesburg vanaf Victoria Valle.

- Hulle vlieg ekonomiese klas met British Airways.
- Hulle huur die goedkoopste lugversorgde motor van Hertz met Ongeluksversekering en Diefstalversekering op 'Weekend Wheels' tarief, vanaf 12:00 Vrydag en eindigende 12:00 Maandag.
- Hulle reis ? totaal van 600 km.

4.2.1 Onderstaande is ? vereenvoudige Toerbeplanning met oop spasies. Analiseer en evalueer die inligting gegee in die Addenda, lees die gevallestudie sorgvuldig; gebruik dan al die inligting **om die Toerbeplanning te voltooi** vir die familie. Die addisionele inligting hieronder sal jou help om die korrekte opsies te kies vir die familie. (Sommige aktiwiteite is reeds ingesluit in die Toerbeplanning – moenie dit herhaal nie.)

- Dit reën in Lusaka terwyl hulle daar is en hulle kies ? binnemuurse kulturele aktiwiteit.
- ? Nagwildsrit in die Munda Wanga park, naby Lusaka, is ? aktiwiteit wat hulle beslis wil doen.
- Die oggend terwyl hulle by Victoria Valle is, wil hulle die Valle vanuit die lug besigtig.
- Hulle wil meer weet en meer te siene kry van die dorp van Victoria Valle.
- Hulle wil die bos en die wild besigtig wat die Kariba Meer omring.
- ? Bosbraaivleis by Kariba Meer is ook iets wat hulle wil ervaar.

MOENIE die Toerbeplanning natrek nie. Skryf slegs die letter van die ontbrekende deel van inligting neer in jou antwoordboek en jou antwoord daar langsaan neer, bv. (k) besoek ? kultuurstat

| Dag | Oggend-Aktiwiteit | Middag-Aktiwiteit | Aand-Aktiwiteit | Akkommodasie |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Arriveer in Lusaka (a) Vlugnommer) | (c) | Nagwildsrit in Munda Wanga Park | (d) |
| | (b) | | | |
| 2 | Ry na Kariba Meer | (e) | ? Bosbraaivleis | Huisboot op Kariba Meer |
| | Hertz Motorhuur | | | |
| 3 | Ry na Victoria Valle Hertz Motorhuur | (f) | Vryetyd | (g) |
| 4 | (h) | (i) (Vlugnommer) | | |
| | | Besorg Hertz Motor terug | | |

(9)

4.2.2 Gebruik Addenda D en G om die vervoerbegroting vir die familie te bereken. **Alle berekeninge moet getoon word**, en met elke bewerking: toon aan wat bereken word, bv. PAI. (20)

4.2.3 Wanneer toeriste na Zambië en Zimbabwe reis, moet hulle ingelig word oor gesondheidsmaatreëls. Beskryf die voorsorgmaatreëls. (4)

**[43]**

## VRAAG 5
## TARIEFSTRUKTUUR EN TEGNOLOGIE

5.1 Bestudeer die tariefstruktuur van Protea Hotels, **BYLAAG A**, en beantwoord die vrae wat volg.

5.1.1 Verduidelik die afkorting **ASATA**. (1)

5.1.2 **FI** beteken "fully inclusive". Wat is alles hierby ingesluit? (2)

5.1.3 Watter hotel is die nuutste Protea Hotel? Motiveer jou antwoord. (2)

5.1.4 Wat verstaan jy onder die begrip "**midweek**"? (1)

5.1.5 Verduidelik wat jy onder 'n **globale distribusiestelsel** verstaan en gee 'n voorbeeld daarvan uit die **tariefstruktuur**. (4)

5.1.6 Noem nog DRIE ander **globale distribusiestelsels** wat deur 'n reisagent gebruik kan word. (3)

5.1.7 Waarvoor staan die "€" op die tariefstruktuur en hoekom is dit vir hierdie hotelgroep belangrik om toeriste te lok wat geassosieer word met die simbool? (2)

**(15)**

## VRAAG 6
## GLOBALE PERSPEKTIEWE EN TYDSONES

6.1 Bestudeer die kaart, **BYLAAG E**. Pas Kolom A by Kolom B. Skryf slegs die korrekte letter neer, bv. 6.1.6 H.

| KOLOM A: IKONE EN POPULÊRE BESTEMMINGS | KOLOM B: BESKRYWINGS | |
|---|---|---|
| 6.1.1 Letter A | A. | Geskenk van Frankryk aan die VSA ter viering van hul 100 jaar van onafhanklikheid |
| 6.1.2 Letter B | B. | Geleë oor 'n Nasionale Park en vandaar kan die tronk Alcatraz gesien word |
| 6.1.3 Letter C | C. | Geïsoleerde heuwel wat ook as Pao de Acucar bekend staan |
| 6.1.4 Letter D | D. | Kan vanuit die ruimte waargeneem word en is die oudste en langste mensgemaakte konstruksie |
| 6.1.5 Letter E | E. | Geleë in Sydney se hawe waar die Uitvoerende Kunste bedryf word |
| | F. | Gewilde bestemming vir vakansiegangers wat hou van sonbaai en Port Louis |
| | G. | Via Dolorosa, die Olyfberg en Getsemanè vorm deel van hierdie stad |

(5)

6.2 Bestudeer die kaart, **BYLAAG E** en noem die ikoon of gewilde bestemming geleë by die onderstaande letters:

6.2.1 G
6.2.2 H
6.2.3 I
6.2.4 J (4)

6.3 Bestudeer die kaarte, **BYLAE E** en **F** (wêreldtydsones) en beantwoord die vrae wat volg.

6.3.1 'n Australiër vlieg van Perth om die Eiffeltoring, Arc de Triomphe en die Seinerivier te besigtig. Hy verlaat Perth om 01:15, die vlug duur 15 uur en om sy bagasie te kry asook vervoer na die Eiffeltoring, sal 1 uur neem. Toegang tot die Eiffeltoring sluit om 16:00.

(a) Sal die toeris op dieselfde dag as sy vlug die Eiffeltoring kan besoek? (1)

(b) Motiveer jou antwoord deur die tyd en dag (dieselfde, volgende of vorige dag) aan te dui, wat hy sal arriveer by die Eiffeltoring. (2)

6.3.2 President Mbeki woon die begrafnis by van die Pous in Rome. Hy vertrek om 14:00 vanaf Kaapstad Internasionaal en die vlug duur 9 uur.

(a) Hoe laat sal hy land in Rome? Watter dag sal dit wees? (2)

(b) Beskryf kortliks die bekende toeriste-bestemming in Rome en die effek wat die begrafnis gehad het op toerisme in die staat. (5)

**(19)**

## VRAAG 7
## STREEKSTOERISTEMARKTE

7.1 Bestudeer die onderstaande kaart en beantwoord die vrae wat volg.




7.1.1 Noem die lande wat **A** tot **E** genommer is en gee ook die hoofstad en die geldeenheid wat in daardie land gebruik word. Tabuleer jou antwoord. (15)

7.1.2 Watter SAOG-land is geaffekteer deur ? ramp op 26 Desember 2004? Noem die land sowel as die ramp se naam. (2)

7.1.3 Waarvoor staan die akroniem SAOG? (2)

7.1.4 Wie het die Nasionale Verkiesing in Zimbabwe in Maart en April 2005 gewen? Gee die naam van die leier asook die naam van sy party. (2)

7.1.5 Vir watter soort kos en dans is Mauritius bekend? (2)
**(23)**

## VRAAG 8
## INTERPRETASIE VAN STATISTIEK- EN TENDENSE

8.1 Suid-Afrika staan voor ? uitdaging met die aanbieding van die Sokker Wêreldbeker in 2010. Evalueer en voorspel die positiewe impak wat die groot gebeurtenis kan hê op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Punte sal toegeken word vir die korrekte uitleg van die opstel sowel as die uiteensetting van feite en die evaluering daarvan. (15)

8.2 Bestudeer die onderstaande grafieke geneem uit *Tourism Update*, Mei 2005 oor buitelandse toerismevloei na Suid-Afrika gedurende 2004. Sommige lande toon ? toename terwyl toerisme afgeneem het in ander lande. Gee ? berekende antwoord waarom toeriste aankomste van die volgende lande of toegeneem of afgeneem het:

8.2.1 Verenigde State

8.2.2 Indië, Indiese Oseaan-Eilande (5)



| Land | 2004 | 2003 | % Verskil |
|---|---|---|---|
| Ierland | 38 437 | 34 806 | 9,4% |
| VSA | 213 322 | 192 563 | 9,7% |
| Sentraal & Suid-Amerika | 46 625 | 41 778 | 10,4% |
| Australië | 76 712 | 72 728 | 5% |
| China | 45 934 | 33 128 | 27,9% |
| Afrika | 4 707 384 | 4 519 616 | 3,9% |

| Land | 2004 | 2003 | % Verskil |
|---|---|---|---|
| Frankryk | 111 636 | 130 365 | - 14% |
| Duitsland | 249 564 | 261 194 | - 4,4% |
| Hong Kong | 8 744 | 12 132 | - 27,9% |
| Indië | 36 069 | 42 954 | - 16% |
| Indiese-Oseaan-eilande | 17 942 | 20 486 | - 12,4% |

**(20)**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [120]**

**TOTAAL: 150**

## BYLAAG A: PROTEA HOTELLE

# PROTEA HOTELS

ASATA Awarded -
Best South African Hotel Group

PROTEA PRICEBREAKERS FROM **R120**
PER PERSON SHARING

GD = Game Drive • CE = Cultural Experience
⊘ **DENOTES A PREMIER PROTEA HOTEL**
**Rates include VAT and are subject to change without notice.**

| LOCATION | HOTEL | GALILEO PROPERTY NO. | PROKARD RATE | | | RACK RATE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | SGL | DBL | NOTES | SGL | DBL | NOTES |
| **AFRICA AND INDIAN OCEAN ISLANDS** | | | | | | | | |
| MALAWI - Blantyre | PROTEA HOTEL RYALLS (Excl. 20% tax) ⊘ | 27195 | US$ 145 | US$ 176 | BB | US$ 195 | US$ 226 | BB |
| MOZAMBIQUE | PROTEA HOTEL ZONGOENE LODGE | | | | | | | |
| - Xai-Xai | - WEEKEND | - | US$ 141 | US$ 218 | DBB | US$ 163 | US$ 250 | DBB |
| | - MIDWEEK. | - | US$ 128 | US$ 198 | DBB | US$ 147 | US$ 226 | DBB |
| NAMIBIA | PROTEA HOTEL WALVIS BAY LODGE (Excl. 14% tax) | 87114 | R 425 | R 506 | BB | R 530 | R 630 | BB |
| NIGERIA | PROTEA HOTEL APO APARTMENTS | - | US$ 112 | US$ 112 | RO | US$ 140 | US$ 140 | RO |
| | PROTEA HOTEL ABUJA | - | US$ 120 | US$ 120 | RO | US$ 150 | US$ 150 | RO |
| | PROTEA HOTEL NIKE LAKE RESORT, ENUGU | - | US$ 92 | US$ 92 | BB | US$ 116 | US$ 116 | BB |
| | PROTEA HOTEL PORT HARCOURT APARTMENTS | - | US$ 148 | US$ 148 | RO | US$ 186 | US$ 186 | RO |
| | PROTEA HOTEL VICTORIA ISLAND, LAGOS | - | US$ 240 | US$ 240 | RO | US$ 300 | US$ 300 | RO |
| | PROTEA HOTEL OAKWOOD PARK OPENING JUNE 2004 | - | RATES AVAILABLE ON REQUEST | | | | | |
| TANZANIA | PROTEA HOTEL AMANI BEACH (Incl. tax) ⊘ | - | US$ 170 | US$ 260 | FI | US$ 200 | US$ 300 | FI |
| | PROTEA HOTEL DAR ES SALAAM | - | US$ 108 | US$ 108 | RO | US$ 136 | US$ 136 | R |
| | | - | US$ 120 | US$ 120 | RO | US$ 150 | US$ 150 | R |
| | PROTEA HOTEL STERNE | 7549 | € 53 | € 71 | RO | € 67 | € 90 | RO |
| | PROTEA HOTEL AISHI | 31077 | US$ 94 | US$ 122 | BB | US$ 115 | US$ 146 | BB |
| | PROTEA HOTEL MBWENI RUINS | - | US$ 78 | US$ 140 | BB | US$ 95 | US$ 170 | BB |
| | PROTEA HOTEL ZANZIBAR BEACH RESORT ⊘ | - | US$ 130 | US$ 168 | DBB | US$ 150 | US$ 190 | DBB |
| ZAMBIA | PROTEA HOTEL CHINGOLA | 27197 | US$ 70 | US$ 70 | BB | US$ 90 | US$ 90 | BB |
| | PROTEA HOTEL LUSAKA SAFARI LODGE (Deluxe) (Excludes 2% levy) | – | – | – | – | US$ 140 | US$ 160 | BB & GD |
| ZIMBABWE | PROTEA HOTEL HARARE SAFARI LODGE | 30732 | R 206 | R 312 | BB | R 251 | R 376 | BB |

| LOCATION | HOTEL | GALILEO PROPERTY NO. | PROKARD RATE | | | RACK RATE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | SGL | DBL | NOTES | SGL | DBL | NOTES |
| **UNITED KINGDOM** | | | | | | | | |
| LONDON | PROTEA HOTEL JOHN HOWARD | - | £ 68 | £ 76 | RO | £ 89 | £ 100 | RO |

**CALL 086-111-9000**

PROTEA HOTELS

THE GSA March 2004

## BYLAAG B: INLIGTING OOR ZAMBIË/ZIMBABWE

**INLIGTING OOR ZAMBIË**
(Uit *THE ESSENCE OF AFRICA*, Retosa 2003)

Die Victoria-waterval, so genoem deur die ontdekkingsreisiger David Livingstone en deur die plaaslike inwoners na verwys as 'die rook wat donder'. Dit is ook die naam van die Nasionale Park tussen die waterval en die nabygeleë stad, Livingstone. Gerieflike akkommodasie teen R250 p.p. word aangebied. Kinders onder 12 betaal halfprys. Vliegritte met 'n mikroligte-vliegtuig is iets om te oorweeg.

Die Kariba-meer, wat die grens tussen Zimbabwe en Zambië vorm, hou sy eie bekoring in. Daar is verskillende boothuise wat jy kan huur waar jy rustig op die water kan ontspan en die natuurskoon kan bewonder. Beweeg verder ooswaarts en besoek die Kafue Nasionale Park. Die diere- en plantlewe is volop, want hier is water in oorvloed. Dit is die habitat van bokke, olifante, seekoeie, buffels en sebras.

Verder noord word die Zambesi Nasionale Park met sy stadig-vloeiende riviere aangetref. Die park is bekend vir sy wild- en voëllewe. By Chingola word die Chimfunshi Wildslewe se weeshuis aangetref. Al die wild wat beseer is, word verdoof en dan na hierdie sentrum gebring waar na die diere omgesien word totdat hulle sterk genoeg is om weer op hul eie bene te staan.

Lusaka het die Lusaka Nasionale Museum, 'n wonderlike plek vir die hele gesin. Die botaniese tuin en die opvoedkundige sentrum kan gerus besoek word. Voorwaar 'n interessante plek om te wees...

## BYLAAG C: INLIGTING OOR ZAMBIË

### VICTORIA-WATERVAL STADSTOER

- 'n Uitmuntende safari-gids sal kliënte vergesel. Besoekers kan gedurende hoogwater nat word as hulle die waterval besoek. Reënjasse word aanbeveel (Kan ook gehuur word) en kameras moet in plastieksakkies verseël word.
- Vervoer van/na die waterfront is by die prys ingesluit.
- Nasionale Park fooie is by die prys ingesluit.

**Victoria-waterval stadstoer**
Besprekings daagliks beskikbaar op versoek, dwarsdeur die jaar van die Victoria-waterval en Livingstone.
Soggens of smiddags, R80 per persoon

### VICTORIA-WATERVAL LUGAVONTUUR

- Alle lugaktiwiteite is onderhewig aan weerstoestande.
- Mikro-ligte vliegtuie – minimum ouderdom 6 jaar en maksimum gewig 100 kg
- Mikro-ligte vliegtuie het 'n unieke vlerk gemonteerde kamera (bring eie film of koop by strook)
- Mikro-ligte vlugte – soggens 06:30 – 10:00
  Middagvlugte: 15:00 – 18:00
  Tuig: 2 mikroligtevliegtuie – 1 kliënt per tuig

Besprekings daagliks beskikbaar op versoek, dwarsdeur die jaar vanaf die Victoria-waterval en Livingstone.
Helikopter: 15 minute, US$80
Mikro-ligte vliegtuig: 15 minute, US$75

### BOOTHUISE OP KARIBA MEER

Rustige, sonnige verblyf word gewaarborg met slegs 3 bote aan die Zambiese kant van die meer. Die meer is groot genoeg om alleen te voel, met asemrowende sonsopkomste en sonsondergange. Huur 'n boot, neem jou eie kos en geniet die ongelooflike natuurskoon.

**Besprekings R230 p.p wat deel**

**KARIBA MEER-RIT**

Geniet die stilte en rustigheid van die rivier, die Afrika-bos en die wild wat kom water drink. Verversings word aan boord bedien.

- Vertrektye: Daagliks om 09:00
- Tydsduur: 2 uur
- Koste: R60 p.p.

**LUSAKA NASIONALEMUSEUM**

Vertel die storie van Zambië se inwoners, geskiedenis, kuns, beeldhouwerk, kulturele erfenis en boeke.
Ure: 09:00 tot 16:00 daagliks, naweke ingesluit
Toegangsfooi: US$ 2 vir volwassenes, US$ 1 vir kinders
Begeleide toere beskikbaar

**MUNDA WANGA OMGEWINGSPARK, NABY LUSAKA**

'n Wye verskeidenheid aktiwiteite is beskikbaar; 'n heerlike plek vir die gesin. Daar is 'n wildpark, botaniese tuin, swembad, avontuur-speelgrond, piekniekterrein en Terrace Café
Toegangsfooi: Volwassenes: US$ 3
Kinders onder 12: US$ 1

**VICTORIA NASIONALE PARK AKKOMMODASIE**

Kom en geniet 'n sorgelose, rustige verblyf in die Nasionale Park, omring deur die wildlewe en plantegroei van Afrika. Die verblyf in die Lodges, sluit ontbyt en aandete in, bedien in die Restaurant, by die Hoofkamp.
Koste: Volwassenes: R185,00 p.p.s.
Kinders: R125,00 (indien hul met ouers deel)

# BYLAAG D: BRITISH AIRWAYS

BRITISH AIRWAYS

**FROM JOHANNESBURG**

**TO CAPE TOWN (JNB – CPT)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12345- - | 0630 | 0840 | BA6-441 | B737 |
| 12345- - | 0700 | 0910 | BA6-401 | B737 |
| 1234567 | 0730 | 0940 | BA6-405 | B737 |
| 1234567 | 0930 | 1140 | BA6-411 | B737 |
| 1234567 | 1030 | 1240 | BA6-409 | B737 |
| 1234567 | 1245 | 1455 | BA6-417 | B737 |
| 1234567 | 1400 | 1610 | BA6-419 | B737 |
| 12345 - 7 | 1500 | 1710 | BA6-425 | B737 |
| 1234567 | 1600 | 1810 | BA6-427 | B737 |
| 1234567 | 1700 | 1910 | BA6-429 | B737 |
| 1234567 | 1800 | 2010 | BA6-431 | B737 |
| 12345 - 7 | 1845 | 2055 | BA6-407 | B737 |

**TO DURBAN (JNB – DUR)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12345- - | 0645 | 0755 | BA6-201 | B737 |
| - - - - - 6 | 0730 | 0840 | BA6-213 | B737 |
| 12345 - 7 | 0900 | 1010 | BA6-203 | B737 |
| 1234567 | 1110 | 1220 | BA6-211 | B737 |
| 12345 - 7 | 1400 | 1510 | BA6-209 | B737 |
| 1234567 | 1545 | 1655 | BA6-219 | B737 |
| 12345 - 7 | 1630 | 1740 | BA6-229 | B737 |
| - - - - 5- | 1730 | 1840 | BA6-215 | B737 |
| 1234 - -7 | 1800 | 1910 | BA6-221 | B737 |

**TO PORT ELIZABETH (JNB – PLZ)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12345 - - | 0630 | 0810 | BA6-231 | B737 |
| 1234567 | 1110 | 1250 | BA6-241 | B737 |
| 12345- 7 | 1800 | 1940 | BA6-239 | B737 |

**TO HARARE (JNB– HRE)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1234567 | 1230 | 1405 | BA6-267 | B737 |

**TO WINDHOEK (JNB – WDH)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1234567 | 1200 | 1255 | BA6-275 | B737 |

**TO LUSAKA (JNB – LUN)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12345 - - | 0845 | 1045 | BA6-251 | B737 |
| - - - - - 67 | 0915 | 1115 | BA6-253 | B737 |

**TO VIC. FALLS (JNB – VFA)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1234567 | 1125 | 1300 | BA6-285 | B737 |

**FROM CAPE TOWN**

**TO JOHANNESBURG (CPT – JNB)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12345 - - | 0645 | 0845 | BA6-400 | B737 |
| 12345 - -- | 0710 | 0910 | BA6-424 | B737 |
| 1234567 | 0730 | 0930 | BA6-428 | B737 |
| 1234567 | 0910 | 1110 | BA6-406 | B737 |
| 1234567 | 1000 | 1200 | BA6-410 | B737 |
| 1234567 | 1100 | 1300 | BA6-436 | B737 |
| 1234567 | 1245 | 1445 | BA6-414 | B737 |
| 1234567 | 1400 | 1600 | BA6-416 | B737 |
| 1234567 | 1600 | 1800 | BA6-418 | B737 |
| 12345-7 | 1700 | 1900 | BA6-422 | B737 |
| 1234567 | 1800 | 2000 | BA6-426 | B737 |
| 12345 - 7 | 1845 | 2045 | BA6-438 | B737 |

**TO DURBAN (CPT – DBN)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12345 - - | 0630 | 0825 | BA6-301 | B737 |
| 123456 - | 0925 | 1120 | BA6-303 | B737 |
| - - - - - 7 - | 1100 | 1255 | BA6-305 | B737 |
| 12345 - 7 | 1800 | 1955 | BA6-307 | B737 |

**FROM DURBAN**

**TO CAPE TOWN (DUR – CPT)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12345 - - | 0630 | 0835 | BA6-300 | B737 |
| 123456 - | 1200 | 1405 | BA6-304 | B737 |
| - - - - - - 7 | 1400 | 1605 | BA6-302 | B737 |
| 12345 - 7 | 1815 | 2020 | BA6-306 | B737 |

**TO JOHANNESBURG (DUR – JNB)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12345 - - | 0645 | 0755 | BA6-200 | B737 |
| 12345 - - | 0830 | 0940 | BA6-202 | B737 |
| 123456 | 0910 | 1020 | BA6-204 | B737 |
| - - - - - 6 - | 1000 | 1100 | BA6-224 | B737 |
| 12345 - 7 | 1130 | 1240 | BA6-216 | B737 |
| 12345 - 7 | 1300 | 1410 | BA6-214 | B737 |
| - - - - - 6 - | 1500 | 1610 | BA6-212 | B737 |
| 12345 - 7 | 1600 | 1710 | BA6-218 | B737 |
| 1234567 | 1730 | 1840 | BA6-220 | B737 |
| - - - - - 5 - | 1915 | 2025 | BA6-222 | B737 |

FROM PORT ELIZABETH

TO JOHANNESBURG (PLZ – JNB)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12345 - - | 0630 | 0805 | BA 6-232 | B737 |
| 1234567 | 1320 | 1455 | BA 6-242 | B737 |
| 12345 - 7 | 1800 | 1935 | BA 6-236 | B737 |

**FROM HARARE**

**TO JOHANNESBURG (HRE – JNB)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1234567 | 1500 | 1640 | BA 6-268 | B737 |

**FROM LUSAKA**

**TO JOHANNESBURG (LUN – JNB)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12345 | 1130 | 1330 | BA 6-252 | B737 |
| - - - - 67 | 1230 | 1430 | BA 6-250 | B737 |

**FROM WINDHOEK**

**TO JOHANNESBURG (WDH – JNB)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1234567 | 1400 | 1650 | BA 6-274 | B737 |

**FROM VICTORIA FALLS**

**TO JOHANNESBURG (VFA – JNB)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1234567 | 1350 | 1530 | BA 6-282 | B737 |

ALL FLIGHTS OPERATED BY

COMAIR LIMITED

ALL TIMES ARE GIVEN AS LOCAL TIMES

## DOMESTIC AIRFARES Effective 12 May 2003 (Incl. VAT)

| FARE | JNB TO CPT | | JNB TO DUR | | JNB TO PLZ | | CPT TO DUR | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | O/w | Rtn | O/w | Rtn | O/w | Rtn | O/w | Rtn |
| **C Club)** | 2166 | 4332 | 1368 | 2736 | 1744 | 3488 | 2166 | 4332 |
| **Y (Economy)** | 1664 | 3329 | 980 | 1961 | 1345 | 2690 | 1664 | 3329 |
| **B CLASS Limited Seats** | 1368 | 2736 | 775 | 1550 | 1140 | 2280 | 1368 | 2736 |
| **H CLASS Limited Seats** | N/A | 2280 | N/A | 1220 | 889 | 1778 | 1140 | 2280 |
| **K CLASS Limited Seats** | N/A | 1847 | N/A | 935 | 718 | 1436 | 923 | 1847 |
| ***L CLASS Limited seats/FLT Specific** | N/A | 1471 | N/A | 935 | N/A | 1254 | N/A | 1528 |
| **V CLASS Limited Seats** | N/A | 1425 | N/A | 707 | N/A | 1208 | N/A | 1425 |
| ***S CLASS Limited Seats/FLT Specific** | N/A | 1254 | n/a | 695 | n/a | n/a | 1042 | 1322 |
| ***N CLASS Limited Seats/FLT Specific** | N/A | 1049 | N/A | 638 | N/A | N/A | 866 | 1072 |
| **INFANT – 10% of adult fare** | - | - | - | - | - | - | - | - |
| **CHILD – 67% of adult fare** | - | - | - | - | - | - | - | - |

* NO CHILD DISCOUNT – INFANT FREE     * EXCLUDES ZA TAX and YQ INSURANCE

## INTERNATIONAL/REGIONAL AIRFARES Effective 05 May 2003

| FARE | JNB TO VFA | | JNB TO HRE | | JNB TO WDH | | JNB TO LUN | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | O/w | Rtn | O/w | Rtn | O/w | Rtn | O/w | Rtn |
| C | 2430 | 4420 | 2120 | 4240 | 2300 | 4200 | 2820 | 5130 |
| Y | 2100 | 4100 | 2050 | 4000 | 1950 | 3500 | 2200 | 4410 |
| B | 1900 | 3800 | 1900 | 3800 | N/A | N/A | N/A | 2990 |
| H (min 1 Sun, max 3 days) | N/A<br>N/A | 1N/A<br>N/A | N/A<br>N/A | 2770H<br>2520L | N/A<br>N/A | N/A<br>N/A | N/A<br>N/A | 2750<br>N/A |
| YEE6M (6 month excursion) | N/A | N/A | N/A | N/A | N/A | 2800 | N/A | N/A |
| YEE1M (1 month excursion) | N/A | N/A | N/A | N/A | N/A | 2450 | N/A | N/A |
| YEE45 (min 5 days, max 45 days) | N/A<br>N/A | 2860H<br>2620L | N/A<br>N/A | 2860H<br>2620L | N/A<br>N/A | N/A<br>N/A | N/A<br>N/A | N/A<br>N/A |
| K (min 3 days, max 1 month) | N/A<br>N/A | 1930H<br>1770L | N/A<br>N/A | 1930H<br>1770L | N/A<br>N/A | N/A<br>N/A | N/A<br>N/A | N/A<br>N/A |
| BPEX | N/A | N/A | N/A | N/A | N/A | 2200 | N/A | N/A |
| BCD3M (Senior Citizen Fare) | N/A | N/A | N/A | N/A | 1400 | 2200 | N/A | N/A |
| BZZ6M (Youth Fare) | N/A | N/A | N/A | N/A | 1400 | 2200 | N/A | N/A |
| BSD6M (Student Fare) | N/A | N/A | N/A | N/A | 1400 | 2200 | N/A | N/A |
| VZMRT | N/A | N/A | N/A | N/A | N/A | N/A | N/A | 2470 |

## BYLAAG E: WÊRELDKAART



## BYLAAG F: WÊRELDTYDSONES



## BYLAAG G: MOTORHUUR

# Hertz

**Reservation and Information Centre**
**0861 600 136**

## GSA Special Rates

| Valid from 15 December 2002 | | | | | | | | Standard Daily Rate | | Daily incl. CDW, TP & 100km | Daily incl. SCDW, STP & 100km | Holiday Saver incl. unlimited km's | Weekend wheels incl. 100km per day | Collision Damage Waiver (CDW) | | Theft Protection (TP) | | Responsibility *Where CDW/TP is accepted |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Group | Acriss Code | Model | Air bag | Air Conditioning | Power Steering | Automatic | Radio/Tape | Per Day | Per Km | 1-6 Days Per Day | 1-6 Days Per Day | 7+ Days Per Day | 2-4 Days Per Day | CDW Per Day | Super CDW Per Day | TP Per Day | Super TP Per Day | |
| Q | ECMN | VW CHICO 1.4 or similar | | | | | | R86 | R1.31 | R262 | R330 | R165 | R93 | R51 | R85 | R27 | R 61 | R4,100 |
| A | CDMN | TOYOTA COROLLA 130 or similar | | | | | X | R124 | R1.42 | R310 | R379 | R206 | R102 | R53 | R87 | R27 | R 62 | R4,200 |
| T | CCMR | FIAT SIENA CCMR or similar | X | X | X | | X | R160 | R1.60 | R360 | R429 | R219 | R104 | R53 | R87 | R27 | R62 | R4,200 |
| B | CDMR | TOYOTA COROLLA 160i GLE or similar | | X | X | | X | R178 | R1.88 | R401 | R472 | R274 | R138 | R54 | R89 | R28 | R64 | R7,000 |
| U | IDMR | OPEL ASTRA 1.6 CDE or similar | X | X | X | | X | R261 | R2.61 | R538 | R612 | R341 | R237 | R54 | R92 | R28 | R64 | R9,000 |
| C | CDAR | NISSAN ALMERA 1.6 or similar | | X | X | X | X | R275 | R2.75 | R563 | R637 | R346 | R311 | R54 | R92 | R28 | R64 | R7,000 |
| D | SDAR | TOYOTA CAMRY 200/220 or similar | | X | X | X | X | R352 | R3.52 | R714 | R803 | R613 | R400 | R65 | R106 | R33 | R81 | R10,500 |
| F | SCAR | BMW 318 i ♿ | X | X | X | X | X | R358 | R3.61 | R728 | R816 | R647 | R403 | R66 | R106 | R34 | R 82 | R11,500 |
| H | PDAR | MERCEDES BENZ C180 | X | X | X | X | X | R404 | R4.06 | R817 | R924 | R716 | R423 | R71 | R108 | R38 | R108 | R13,900 |
| J | FVMR | TOYOTA CONDOR | | X | | | X | R261 | R2.84 | R573 | R660 | R420 | R280 | R65 | R104 | R34 | R82 | R8,800 |
| **K | SVMR | VW MICROBUS 2.3I | | X | X | | X | R473 | R4.45 | R920 | R1,066 | R735 | R408 | R71 | R131 | R43 | R129 | R12,000 |
| ***N | PVMR | MERCEDES VITO or similar | | X | X | | X | R686 | R6.45 | R1,303 | R1,455 | R1,066 | R592 | R80 | R145 | R55 | R142 | R17,500 |
| M | FFMR | NISSAN 3.0 4X4 DOUBLE CAB or similar | | X | X | | X | R490 | R3.62 | R887 | R1,039 | R807 | R612 | R76 | R140 | R50 | R138 | R12,500 |
| R | SPMN | NISSAN 2.0 LDV or similar (Canopy available at an additional charge) | | | | | | R115 | R1.22 | R288 | R359 | N/A | R319 | R54 | R89 | R28 | R64 | R11,000 |

• All vehicles rented subject to Hertz Terms & Conditions of the Rental Agreement • All vehicle models are subject to availability • Rates are quoted in SA Rand (ZAR) • Hertz reserves t right to replace vehicle models with similar specifications ** Group to be phased out during second quarter of 2003 *** Group to be phased in during second quarter of 2003

• Shaded areas non-discountable

*PARTNERSHIPS:* South African Voyager · Executive Club British Airways · Priority Club Rewards

**Booking Information**

**Booking couldn't be simpler! Using GDS**
Galileo: CADZE/GALIL
Worldspan: G/CAR/ZEZ
Amadeus: GCARZE
http://www.hertz.co.za
http://www.hertz.com
www.locations.hertz.com
E-mail: res@hertz.co.za

**ONE NUMBER ONLY - FOR THE WORLD'S # 1 !**

***Reservation and Information Centre***

**0861 600 136**

**EINDE**